# Die Vader se emosionele reaksie op die kruisiging

3 April 2021

Die Heilige Gees het gister iets aan my openbaar wat ek nog nooit voorheen raakgesien het nie. Wat was ons Hemelse Vader se *emosionele* reaksie op die wrede marteling en kruisiging van sy geliefde Seun, Jesus Christus?

Ek en Mandy was die afgelope twintig jaar dikwels betrokke by die besoek en berading van duisende mense (hoofsaaklik boere) wat op een of ander manier vreeslike trauma beleef het. Ons het al bittere trane van diep emosie aanskou terwyl ons na die hartverskeurende verhale van mense luister. Hierdie mense is wreedaardig in hul huise aangerand, verskriklik geslaan, hul besittings is gesteel of met opset verwoes, huise is geplunder of afgebrand, plase gesaboteer en afgebrand, hul diere kwaadwillig en onredelik doodgemaak of vermink. Ons het probeer verstaan en die mense probeer vertroos wie se geliefdes kwaadwillig vermoor is. Ons het gesien hoe kinders by die oop graf van hul pa staan, wie as gevolg van die onreg wat die lewe na hom gegooi het, aan diepe depressie gely het en uiteindelik selfmoord gepleeg het.

Hierdie is alles dinge wat diep emosies en bittere trane veroorsaak. Die gedagte om wraak te neem, hardloop deur hul denke, asook die onophoudelike vrae: Waarom, waarom, *WAAROM*??

Terwyl ons die kruisiging van Christus nou bedink, het die Heilige Gees hierdie gedagte in my aangewakker: "Watter emosies het die Hemelse Vader beleef terwyl Hy die verskriklike lyding van sy geliefde Seun deur die wrede mense se hande as gevolg van my sonde – ons almal se sonde – aanskou het?" Kom ons stap deur die verhaal met die doel om die betrokke emosies te beskou.

Ek wil graag ook na die diepe emosies wat Jesus Christus self beleef het, verwys, en jou daaraan herinner dat die Vader alles van die begin af aanskou het. Enige een van julle wat self kinders het, sou al persoonlik ervaar het dat wanneer jou kind op enige manier swaarkry, selfs op 'n emosionele vlak, jy as ouer saam met hulle huil. Wanneer ons dus die diepe emosionele pyn wat Jesus deurgemaak het, beskou, moet ons besef dat daar in die hemel ook trane gestort is.

## Die verraad

Ons begin by die laaste maal waar een van Jesus se twaalf naaste vriende Hom verraai. Die profetiese Skrifgedeeltes wat hierdie gebeurtenis beskryf, is met emosie belaai.

> *Psa 41:10 "Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig."*

> *Psa 55:13 "Want dit is geen vyand wat my smaad nie, anders sou ek dit dra; dit is nie my hater wat hom teen my groot maak nie, anders sou ek my vir hom wegsteek;*

*55:14 “maar jy, ‘n man soos ek, my vriend en **my vertroude.***

*55:15 “**Ons wat innig met mekaar omgegaan het,** in die huis van God gewandel het met die woelige skare.”*

Watter diepe emosies moes daar nie gewees het toe Judas gevoelloos die brood wat Jesus vir hom gegee het, geneem het, en daarna opgestaan en hulle verlaat het om sy Here te gaan verraai nie. Die Skrif maak hier ‘n interessante opmerking ...

*Joh 13:30“Toe hy dan die stukkie geneem het, het hy dadelik uitgegaan. **En dit was nag.**”*

**Getsémané**

Dan lees ons van die diepe emosies in Getsémané. Eerstens het Jesus die drie dissipels naaste aan Hom gevra om Hom gedurende hierdie tyd – in sy grootste uur van nood - in gebed te ondersteun. Drie maal het hulle Hom in die steek gelaat. Toe Hy na hulle terugkeer, was hulle vas aan die slaap. Sy reaksie teenoor hulle openbaar weer die diepte van sy emosies:

*Mat 26:37 “En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedéüs saam en **begin om bedroef en benoud te word**.*

*26:38 “Toe sê Hy vir hulle: **My siel is diep bedroef tot die dood toe**; bly hier en waak saam met My.”*

In sy eie gebede lees ons dat Jesus so emosioneel was dat sweet soos groot druppels bloed van Hom afgedrup het.

> *Luk 22:43 “En ‘n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk.*
>
> *22:44 “En toe Hy in ‘n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.”*

Hy het met alle erns gebid, *“Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan ...”* Jesus het geweet daar wag erge pyn op Hom. En tog het Hy in gehoorsaamheid verder gebid, *“... nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.”* Daardie emosies was so diep dat die Vader ‘n engel uit die hemel gestuur het om sy Seun te gaan versterk. Hy is ‘n belofte gegee: Jy is nie alleen nie. Jy het twaalf legioen engele tot Jou beskikking. As die las te swaar raak om te dra, hoef Jy net een bevelwoord te spreek, en die wêreld sal vernietig word en al Jou lyding sal onmiddelik ophou (my eie bewoording soos wat ek dit verstaan). Hier is die Skrifgedeelte:

> *Mat 26:51 “En een van die wat saam met Jesus was, het meteens sy hand uitgesteek en sy swaard getrek; en hy het die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy oor afgekap.*
>
> *26:52 “Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan.*

*26:53 "Of dink jy dat Ek nie nou My Vader kan bid, en Hy vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar sal stel nie?*

*26:54 "Hoe sou die Skrifte dan vervul word dat dit so moet gebeur?"*

*Joh 18:10"En Simon Petrus wat 'n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus.*

*18:11 "Toe sê Jesus vir Petrus: Steek jou swaard in die skede.* ***Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?****"*

Van daar af word Jesus in hegtenis geneem en sy onregverdige verhoor begin in die donkerte, weggesteek. Hy word valslik beskuldig, onregverdig veroordeel, geslaan en bespot en aan die Romeine oorgegee om gekruisig te word. Weereens is sy verhoor voor Pontius Pilatus onregverdig. Pilatus besef dat Jesus onskuldig is – tog swik hy onder die druk van die Joodse leiers en gee hy vir Jesus oor om op 'n verskriklike wyse gegesel en toe gekruisig te word – sekerlik die wreedste dood wat enige iemand kan sterf.

Jesus is die hele tyd bewus van die twaalf legioene engele wat Hom omring. Hy is die hemel se Liefling, hul Koning. Een woord uit sy mond kan alles beëindig en die hele wêreld sou vernietig word. Dit is die gesag wat Jesus tot sy beskikking gehad het, en almal in die hemel (Vader ingesluit) het elke beweging van Hom stip dopgehou, elke hou waarmee Hy geslaan is, raakgesien, die spykers aanskou wat sy hande en voete deurdring het soos Hy

aan die kruis vasgeslaan is. Net een woord uit sy mond kon alles onmiddellik beëindig.

Die engele wag, swaarde is getrek, gereed om Hom te hulp te snel. Hulle wag vir die bevel van hul Koning. En tog bly Jesus stil. Jesus neem die besluit om in algehele gehoorsaamheid aan sy Vader se wil te wandel en Hy gaan gewillig voort met hierdie verskriklike lyding. Sy gewilligheid alleen om tot hierdie mate gehoorsaam te wees, moes trane in sy Vader se oë gebring het. As ek die Vader was, sou ek onbeheerst gehuil het.

> *Jes 53:7 "Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie."*

### Die kruisiging

Toe kom die verskriklikste deel van die lyding. Terwyl Jesus aan die kruis hang, word die son donker. Die sonde van die wêreld is op Jesus se skouers geplaas en die Vader kan die emosies daarvan nie meer verduur nie. Hy draai sy gesig weg en die aarde word vir drie lang ure in pikswart duisternis gedompel. Jesus is vir die eerste keer ooit, heeltemal alleen. Aan die einde van hierdie verskriklike eensaamheid, terwyl Hy die volle las van jou en my sonde dra, uiter Hy 'n droewige kreet en dit openbaar die dieptes van sy eie emosies:

> *Mar 15:34 "En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: ELOÏ, ELOÏ, LAMMA SABAGTÁNI? Wat, as dit vertaal word, beteken: **My God, my God, waarom het U My verlaat?**"*

Dit was die diepste deel van die pyn wat Jesus moes verduur net soos wat sy Vader dit nie langer kon verduur nie en sy gesig van sy Seun weggedraai het. Die beproewing is verby. Jesus roep uit: *"Dit is volbring!"* Hy buig sy hoof en blaas sy laaste asem uit.

**Die Vader se reaksie**

Hoe reageer die Vader op sy eie geliefde Seun se verskriklike beproewing en sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid deur dit alles? In ons ervaring waar ons mense wat onmeetlik gely het, beraad, vind ons in hierdie mense 'n reaksie van diepe bitterheid, haat en 'n dryf na wraak. Maar wat is die Hemelse Vader se reaksie op sulke wreedheid teenoor sy eie geliefde Seun? Ons lees van sy reaksie en dit raak my so diep dat ek net wil huil!

> *Mat 27:50 "Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee.*

> *27:51 "En kyk,* ***die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur****, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur."*

Die Vader se reaksie wanneer Hy die voltooiing van sy Seun se angs aanskou, is dramaties: Hy skeur die voorhangsel van die tempel van bo tot onder. Sy reaksie is so geweldig dat dit die aarde laat skud. Dit is in die geskiedenisboeke opgeskryf dat daardie aardbewing so geweldig sterk was dat dit selfs in Rome gevoel is en dat die Keiser van daardie tyd afgevaardigdes na Jerusalem gestuur het om te gaan uitvind wat gebeur het om so 'n groot aardbewing te veroorsaak.

Wat is die betekenisvolheid van hierdie reaksie? Die Vader *skeur die voorhangsel van die tempel*. Die voorhangsel skei ons van God. Hy is die verpersoonliking van HEILIGHEID en dit is daarom vir ons as sondaars onmoontlik om in sy teenwoordigheid te kom. Ons lees baie skrywe in die Psalms en die profetiese boeke hoe manne van God verlang om in God se teenwoordigheid te kom.

*Psa 42:2 "Soos 'n hert wat smag na waterstrome,* ***so smag my siel na U, O God.***

*42:3 "My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?"*

*Psa 63:2 "O God, U is my God, U soek ek;* ***my siel dors na U****, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogte land, sonder water."*

*Psa 15:1 "'n Psalm van Dawid. Here, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?"*

Deur die eeue heen het goddelike mense daarna gesmag om in God se teenwoordigheid te kom – om intieme gemeenskap met Hom te hê, maar hul sonde het hulle van Hom geskei. As gevolg van ons sonde, was dit onmoontlik om in sy teenwoordigheid te kom. 'n Gordyn het tussen die mense en God se heiligdom in die tempel gehang, en geen mens mag daardeur gegaan het nie. Noudat die verskriklike prys vir die sonde betaal is, in plaas daarvan om haat en bittere wraak te koester, het die Vader die voorhangsel van skeiding middeldeur geskeur en ons in 'n kosbare intimiteit met Hom verwelkom.

Ons, wie se sonde die verskriklike lyding vir sy Seun veroorsaak het! Hy nooi ons binne. As ons gewillig is om sy Seun en die losprys wat Hy vir ons sonde betaal het, te aanvaar, skeur Hy daardie versperring wat in die pad gestaan het en wat ons van intieme gemeenskap met Hom verbied het, met so ‘n geweldige krag middeldeur dat daar ‘n geweldige aardbewing vir duisende kilometers ver gevoel kon word. Daardie prys is nou betaal, die weg is oop en ons kan sy teenwoordigheid binnegaan, as ons wil.

Watter wonderlike liefde is dit nie!!! Dit is ‘n liefde wat ver bo ons wildste menslike begrip strek. Hierdie liefde gaan nie net daaroor dat ons as vyande vergewe word nie. Dit is baie meer! Dit gaan daaroor dat ons uitgenooi word om intieme vriende te word – sou ons die Een aanneem wie daardie verskriklike prys vir ons sonde betaal het.

O, hoe lief het ek Hom nie! Ek wil net na Hom toe hardloop en Hom toelaat om my met sy arms van liefde toe te vou. Ek het nog nooit tevore besef hoe diep Hy daarna verlang om ‘n intieme verhouding met ons, sy kinders, te hê nie. Kom ons maak ons harte vir Hom oop. Kom ons hardloop na sy omhelsing van liefde en vergifnis.